

Voema Reeks

Reg. No. K7624, K7625, K7626, K5239 Wet No. 36 van 1947

'n Vloeibare suspensie kunsmis met mikro-elemente wat gebruik kan word as 'n blaarvoeding.

Wat is die Voema Reeks:

Die **Voema Reeks** is 'n vloeibare suspensie kunsmis met mikro-elemente wat gebruik kan word as 'n blaarvoeding, of dit kan deur die besproeiing sisteem toegedien word. Die **Voema Reeks** bestaan uit vier verskillende water-oplosbare suspensie produkte, wat elkeen spesifiek ontwerp is om nutriënte in verhoudings te kan lewer wat voordelig is tot spesifieke groeistadiums van 'n plant.


Wat is die voordele van die Voema Reeks:

Die **Voema Reeks** is nie jou standaard kunsmis mengsel nie. Dit besit spesiale eienskappe wat dit uniek maak:

- Die reeks is chloor vry.
- Dit bevat EDTA gecheleerde mikro-nutriënte.
- Dit het aminosure in.
- Voema Starter, Vegetative, en Flower & Fruit** bevat ook sitokiniene en ouksiene.

Ouksiene speel 'n belangrike rol in verskeie prosesse in 'n plant, byvoorbeeld apikale dominansie, die formasie van adventiewe wortels, sowel as blom en vrugset.

Sitokiniene word belangrik geag in die stimulasie van sel divisie, sowel as in die vertraging van die verouderings proses in 'n plant. 'n Hoë verhouding van sitokiniene teenoor ouksiene is belangrik vir loof groei, terwyl 'n hoë verhouding van ouksiene teenoor sitokiniene belangrik is vir die stimulasie van wortels (sien skets hieronder).



- Die **Voema** produkte bevat ook elkeen tot 10 nutriënte wat geformuleer is in unieke verhoudings om aan die behoeftes van gewasse tydens verskillende stadiume te kan voldoen.

Waar om die Voema reeks te gebruik:

Elke produk in die **Voema Reeks** is spesiaal geformuleer vir 'n spesifieke groeistadium in 'n gewas se leeftyd.

Voema Starter NT:

Dis ontwerp vir gebruik vroeg in 'n plant se lewensiklus. **Voema Starter** het 'n nutriënte verhouding van 2:1:2 (27) (w/w). Die ouksiene in **Voema Starter** is ook meer as die sitokiniene.

Voema Vegetative NT:

Soos die naam aandui is **Voema Vegetative NT** ontwerp om gedurende die vegetatiewe stadiume van 'n plant se lewensiklus toegedien te word. **Voema Vegetative NT** het 'n nutriënte verhouding van 5:1:3 (30) (w/w) en bevat meer sitokiniene as ouksiene.

Voema Flower & Fruit NT:

Dit kan gebruik word vir die reprodutiewe stadiume in 'n plant se lewensiklus. Dit sluit in periodes van blom en vrugvorming. **Voema Flower & Fruit NT** is ontwerp om 'n nutriënte verhouding van 3:1:5 (27) (w/w) te hê terwyl dit ook meer ouksiene as sitokiniene bevat.

Voema Calmag + Trace elements:

Dis geskik om gebruik te word in periodes waar die plant relatiewe hoë benodighede aan kalsium en magnesium het. **Voema Calmag + Trace elements** is ontwerp om 'n nutriënte verhouding van 10:0:1 (10) (w/w) te hê.

*Sien die etiket vir verdere inligting oor die nutriënte, sowel as die oksien teenoor sitokiniene verhouding van elke produk.

Hoe om die Voema Reeks produkte te gebruik:

Die toedienings is gewas-spesifiek en daar kan na die etiket verwys word vir spesifieke toedienings. Oor die algemeen kan die **Voema Reeks** teen 1-4 l/ha toegedien word, en as dit deur die besproeiing gesit word sal algemene dosisse in die omgewing van 5-10 l/ha wees. Optimale toediening sal gebaseer wees op verskeie faktore, byvoorbeeld grondvrugbaarheid en grondtipe, die gewastipe, die ouderdom, sowel as die grootte van die gewas. Dit is altyd beter om dosisse te baseer op grond- en blaarontledings.

*Sien etiket vir verdere inligting en instruksies.

